Laerskool
Bertie Barnard
Primary School

Adres: Posbus 137
Stilbaai
6674

epos: laerskoolbertiebarnard@gmail.com
laerskoolbertiebarnard.hoof@gmail.com

Tel: 028 - 754 1042
Faks: 086 241 5205

Geagte Ouers

16 Julie 2020

AKADEMIE Gr.4-7

Graag wil ons van hierdie geleentheid gebruik maak om u te bedank vir u samewerking met die terugkeer van die gr.4-7 leerders.

Rakende die akademie wil ons graag die volgende onder u aandag bring:

1. Soos u reeds bewus is, volg ons 'n alternatiewe rooster. Leerders moet asb. onthou om die korrekte boeke vir die betrokke dag in te pak.
2. Onderwysers fokus in die klas om die inhoud af te handel aangesien ons tyd nou beperk is. Huiswerk, take en opdragte moet nou by die huis voltooi word. Ons doen 'n beroep op u om te kontroleer dat leerders hulle werk by die huis getrou sal doen.
3. Daar is leerders wat agter geraak het met die werk wat tydens "Lockdown" gegee was. Dit is die leerders se verantwoordelikheid om die agterstallige werk in te haal.
4. **Afwesigheid van leerders**: Ons doen weereens 'n beroep op u om nie onnodig u kind uit die skool te hou nie. Kontaktyd met die onderwyser bly altyd 1ste prys. Stel asb. die registeronderwyser in kennis indien u kind nie die dag gaan skool bywoon nie. Voorsien asb. 'n rede daarvoor. Indien daar take en opdragte is wat voltooi moet word moet u sorg dat die onderwyser dit ontvang.
5. **Nasien van boeke**: Weens die huidige omstandighede bemoeilik dit die taak van onderwysers om boeke na te sien. Boeke word dus nie meer ingeneem en gereeld nagesien nie. Antwoorde word in die klas gegee en die onus rus nou op die leerders om op te let in die klas en antwoorde te korrigeer. Ons doen ook 'n beroep op u as ouers om u kind se werk daagliks te monitor.
6. **Uitgee van werk**: Leerders met komorbiditeite en wat toestemming het om tuis te bly ontvang nog steeds na afloop van die skooldag die betrokke werk. Neem kennis dat die werk eers na 14:00 uitgegee word a.g.v. onderwysers wat nog in klasse is. Indien die onderwyser beskikbaar is, kan dit soms gebeur dat werk voor 14:00 geplaas word. 'n Vriendelike versoek, moet asb. nie druk op die onderwysers plaas om dit voor 14:00 uit te stuur nie.
7. **Eksamen, toetse en assesserings**: Daar sal geen eksamen hierdie kwartaal geskryf word nie. Daar sal wel toetse en assesserings in sekere vakke afgehandel word. U sal vroegtydig daarvan in kennis gestel word. Leerders met komorbiditeite en wat toestemming het om tuis te bly sal d.m.v. die groepe in kennis gestel word op watter dag, tyd en plek toetse by die skool afgehandel sal word. Dit is u as ouers se verantwooordelikheid om toe te sien dat die leerder die betrokke dag hier is en voorbereid sal wees vir die toets.
8. **Dissipline**:Ons vind nog steeds in sekere klasse dat leerders uit hul banke is sonder toestemming en hulle maskers afhaal. Ons gaan streng hierteen optree.

Indien u enige verdere navrae het, kontak gerus die skool. Bly veilig!

Groete

Mnr. S. Doubell
Kurrikulumhoof

Mnr. N. Deetlefs
Skoolhoof